



Verwysing: 12/2/2/14

Navrae: Jan Erasmus

04 FEBRUARIE 2025

Registrasie van Kleinskaal Geïntegreerde Generasie (SSEG)

Die Munisipaliteit ondersteun Kleinskaal Geïntegreerde Generasie (SSEG) en wil graag u bedank vir u bydra tot die bevordering van groen energie deur die installering van 'n Fotovoltaïese stelsel.

Alle permanente KGG-stelsels moet geregistreer en gemagtig word deur die Munisipaliteit soos vereis deur die Elektrisiteitsverordening. Dit sluit die volgende tipe stelsels in:

- Netwerk-integrasie met terugvoering (insluitend hibriede stelsels):
- Oortollige elektrisiteit wat deur die fotovoltaïese-stelsel gegenereer word, word terug in die netwerk gevoer.
- Netwerk-integrasie met blokkering van omgekeerde kragvloei:
 - Die uitset is aan die huishoudelike bedrading gekoppel, wat gelyktydig aan die munisipale netwerk deur die meter gekoppel is. Oortollige elektrisiteit wat deur die fotovoltaïese stelsel gegenereer word, word verhinder om terug na die netwerk te vloei.
- Netwerkgekoppelde omsetters wat in "eilandmodus" kan werk:
 - Hierdie omsetters word gebruik tydens algemene kragonderbrekings.
 - Moet voldoen aan die SANS 10142-1 vereistes.

Noodtoerusting, soos bystand-kragopwekkers, hoef nie geregistreer te word nie. Skriftelike goedkeuring vir die installasie moet verkry word van die Munisipaliteit soos vereis deur die Elektrisiteitsverordening.

Genadeperiode vir registrasie

Bergrivier Munisipaliteit will graag alle inwoners wie nie bewus is van die vereiste om hul SSEG te registreer en magtiging daarvoor te verkry nie, in kennis te stel dat daar wel 'n genadetydperk toegestaan sal word om te verseker dat hulle voldoen. Alle eiendomseienaars moet aansoek doen vir die magtiging van hul SSEG-stelsel by die Munisipaliteit teen 31 Desember 2025.

Sodra hierdie genade tyd verskryk het, kan 'n diensfooi gehef word.

Wees asseblief daarvan bewus dat indien 'n SSEG-stelsel tydens die registrasie en magtigingsproses nie voldoen aan die vereistes nie, dit afgeskakel sal word totdat dit aan die nodige standaarde voldoen en skriftelike magtiging van die Munisipaliteit ontvang.

Die Munisipaliteit is ingevolge die wet verplig om te verseker dat die verskafde elektrisiteit aan gehalte standaarde voldoen. Die Munisipaliteit moet ook werknemers teen elektriese skokke beskerm, terwyl hulle aan die netwerk werk. Die Munisipaliteit moet koste verhaal vir die instandhouding van die netwerk-infrastruktuur by verbruikers.

Die Munisipaliteit het vasgestelde tegniese spesifikasies vir netwerk-gekoppelde opwekkingstoerusting, meting en tariewe, tesame met nasionale bedradingkodes vir openbare veiligheid.


Die koppeling van kragopwekkers aan die netwerk sonder die nodige goedkeuring kan daartoe lei dat stelsels munisipale personeel en lede van die publiek in gevaar stel. Dit kan ook die gehalte van elektrisiteitsvoorsiening beïnvloed en daartoe lei dat die Munisipaliteit nie alle koste wat verbruikers skuld, kan verhaal nie.

Ongemagtigde kragopwekkers wat aan die netwerk gekoppel word, word gevolglik as 'n vorm van manipuleering van die stelsel beskou en sal vinnige ingryping vereis.

Die Munisipaliteit is gretig om met belanghebbende partye saam te werk, om te verseker dat alle sonkragstelsels (fotovoltaïese) veilig is en voldoen aan die vereistes.

Die aansoekvorm om die SSEG-registrasieproses te begin, is beskikbaar by apply.sseg.co.za

Die uwe



Direkteur Tegnieese Dienste: Denwin van Turha

Bergrievier Munisipaliteit